

NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS ORDINARY LEVEL

4101/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing

2 hours 30 minutes

Marks: 70

2019

AFDELING A

Lees leesstuk 1 aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Leesstuk 1

Vuur - vriend en vyand

Vuur kan 'n vriend of 'n vyand wees. Vuur kan nuwe lewe aan 'n landskap gee of dit verwoes. Groot brande kan uiters vernietigend en byna onbeheerbaar wees.

Een voorbeeld van die uitgebreide vernietiging wat deur vuur aangerig kan word, is wat in 1997 in Indonesië gebeur het. In daardie jaar is dié land geteister deur bosbrande, wat groot skade aangerig het in die gebied, sowel as aan mense se gesondheid en die ekonomie. En verstikkende rook van daardie brande het na altesaam agt naburige lande versprei en nagenoeg 75 miljoen mense aangetas. Verslae toon dat 20 miljoen mense behandel is vir toestande soos asma, emfiseem en hartvatsiektes, asook oog- en velprobleme. In Singapoer het besoedeling tot kommerwekkende vlakke gestyg. Die stad is deur 'n rookkometers bedek.

In die daaropvolgende jaar, 1998, moes 8 000 inwoners van Brits-Columbië, Kanada, noodgedwonge uit hulle huise vlug toe 'n verwoestende brand vinnig nader gekom het. Dit was maar een van bykans 'n duisend wat daardie jaar in Kanada gewoed het - waarvan 115 op een of ander stadium as buite beheer beskou is. Een brand in noordelike Alberta, Kanada, het 35 000 hektaar woudgebied verteer.

'n Hewige bosbrand kan die landskap verander, die balans tussen plantsoorte versteur, die dierebevolking ontwig en ook lewe en eiendom bedreig. Dit kan selfs erosie in die hand werk. Wanneer grond blootgestel word aan swaar reën, wat dikwels op 'n warm somer volg, word die kaal grond weggespoel. Dit het 'n skadelike uitwerking op plantsoorte. Party van die kwesbaarder plante ly as gevolg daarvan en gaan dood, terwyl ander goed aanpas. Ongelukkig is dié wat floreer, gewoonlik ongewenste onkruid, wat geneig is om inheemse plante te verdring.

Diere wat van spesifieke inheemse plante afhanklik is, word dan ook bedreig. In Australië kan inheemse, bedreigde soogdiere soos koalas maklik uitsterf as te veel van hulle natuurlike habitat deur brande vernietig word. Oor die afgelope 200 jaar het die Australiese vasteland 75 persent van sy reënwoude, 66 persent van sy boombedekking, 19 soogdiersoorte en 68 inheemse plantsoorte verloor, waarvan die meeste nêrens anders in die wêreld voorkom nie.

Etlike faktore kan verantwoordelik wees vir onbeheerbare brande. Een natuurlike faktor is die El Nino-verwante weerpatroon, 'n klimaatverskynsel wat van tyd tot tyd warm, droë weerstoestande in verskeie wêrelddele veroorsaak. Enige land wat weens El Nino buiteseisoense droë weer ondervind, het die ideale toestande vir 'n brand.

Maar die onverstandige optrede van mense is meer dikwels die oorsaak van verwoestende brande. Volgens skattings is brandstigting of ongelukke verantwoordelik vir meer as die helfte van die brande in staatswoude in Australië.

Nog iets wat tot ernstige brande kan lei, is die wanbestuur van die omgewing. As gevolg van ontbossing en houtkappery word woude vatbaarder vir vure. Die dooie plantmateriaal wat 'n brand kan voed, vermeerder weens die houtafval wat deur houtkappery agtergelaat word. Houtkappery veroorsaak ook dat daar openinge in die blaardak is, sodat sonlig op die dooie

plantmateriaal skyn en dit uitdroog. Wanneer 'n vonk hierdie vlambare kombinasie aan die brand steek, kan die brand wat ontstaan, maklik buite beheer raak.

Ekonomiese oorwegings kan ook die probleem van groot brande vererger. Met die groeiende wêreldwye vraag na produkte soos palmolie, is woude vernietig en met vinnig groeiende, winsgewende plante vervang. Die maklikste en goedkoopste manier om van die natuurlike plantegroei ontslae te raak, is om dit te verbrand. Gevolglik verbrand mense duisende hektaar woudgebied sonder om in ag te neem watter langtermynvoordele die bewaring van genoeg woudgebied inhou.

Hoewel vuur verwoesting kan saai, kan dit ook 'n baie positiewe uitwerking op baie plant- en diersoorte hê. Trouens, dit kan selfs 'n noodsaaklike rol speel in die handhawing van die balans in die natuur. Vuur is een van die mens se oudste vriende. Dit word gebruik om hom warm te hou, lig te voorsien en sy kos gaar te maak.

Beheerde veldbrande kan gebruik word om vernietigende brande te voorkom. Klein vuurtjies wat buite die veldbrandseisoen aangesteek word, beweeg stadig, brand laag en verwyder plantafval sonder om die bome te beskadig. Oor die algemeen word dit deur die aandou geblus.

Die doel van brandbestryding deur middel van beheerde veldbrande is om lewe en eiendom te beskerm en terselfdertyd die diversiteit van inheemse plante en diere te bewaar. Beheerde veldbrande bekamp ook die vinnige verspreiding van onkruid wat nie inheems in die gebied is nie. Verder help dit om die verskeidenheid van habitats te onderhou wat nodig is vir die bewaring van inheemse diere.

Sekere plantsoorte is blykbaar van vuur afhanklik om hulle sade te laat ontkiem. Die doppe van party is so hard dat vuur nodig is om dit oop te breek sodat vog dit kan binnedring. Navorsing toon dat rook nodig is om sommige sade te laat ontkiem. Daar is ongeveer 70 komponente in rook, waarvan stikstofdiksied een van die belangrikes is, wat vermoedelik aanleiding gee tot die ontkieming van sade.

Baie diere vind baat by die toestand ná 'n brand, veral by die nuwe plantegroei, wat sagter en sappiger is. Party soorte kangaroes woon graag in woude waar brande gereeld voorkom, en daar word gesê dat hulle van vuur afhanklik is. Dit is omdat die plante wat hulle vir kos en skuiling gebruik van vuur afhanklik is vir vernuwing en gesonde groei.

Ja, vuur kan 'n vernietigende vyand wees wanneer dit buite beheer raak, maar dit kan ook 'n goeie vriend wees. Dit speel 'n noodsaaklike rol in die kringlope van die natuur wat die Skepper in werking gestel het om nuwe lewe aan die aarde te gee en te sorg dat daar altyd 'n gebalanseerde verskeidenheid plant- en dierelewe is.

(Verwerk uit inligting beskikbaar op <http://wol.jw.org>)

Skryf by vraag 1 tot 3 telkens slegs die nommer van die korrekte antwoord in jou antwoordboek (bv. 1 b).

- 1 Hoeveel mense se gesondheid is in een jaar in Indonesië deur bosbrande aangetas?
- a) 8 000
 - b) 20 miljoen
 - c) 35 000
 - d) 75 miljoen

- 2 El nino-verwante weerstoestande kan aanleiding gee tot groot brande deurdat dit
- a) buiteseisoense droë weer veroorsaak.
 - b) die uitsterf van inheemse plante veroorsaak.
 - c) erosie veroorsaak.
 - d) lei tot die uitsterf van inheemse soogdiere. (1)
- 3 Hoekom beskou die skrywer van die artikel vuur as een van die mens se oudste vriende?
- a) Dit help met die uitroei van onkruid.
 - b) Dit kan bosse verwyder om plek te maak vir winsgewende plante.
 - c) Dit kan werk verskaf aan brandbestryders.
 - d) Dit verskaf hitte, lig en brandstof om kos gaar te maak. (1)
- 4 Verduidelik hoe erosie, wat deur ernstige veldbrande veroorsaak word, die plantelewe van 'n streek beïnvloed. (3)
- 5 Bespreek kortliks vier faktore wat in die leesstuk uitgelig word wat tot ernstige brande kan aanleiding gee. (4)
- [10]**

- 6 Skryf die teks van 'n klaspraatjie wat jy moet lewer oor die uitwerking wat ernstige brande op die mens en omgewing kan hê.

Jy moet van die inligting in die leesstuk gebruik maak en die inhoudsgedeelte van jou toespraak moet ongeveer 200 lank woorde wees. **[20]**

AFDELING B

Lees leesstuk 2 aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Leesstuk 2

Veldbrande

Veldbrande kan gedefinieer word as onbeheersde vure wat in die natuur brand en groot verwoesting saai. Daar is drie dinge nodig om 'n veldbrand te laat ontstaan: brandstof, suurstof en 'n bron van hitte. Enige materiaal wat vlambaar is, kan dien as brandstof. Gras, bome, bosse en selfs huise kan brandstof wees vir 'n veldbrand. Die bron van hitte steek die vuur aan die brand, en kan uit weerlig, kampvure, sigarette, warm wind en selfs die son bestaan.

Droë weer en droogtes kan velde en groen plantegroei omskep in die ideale brandstof vir veldbrande. Die wind vererger ook veldbrande deur die vlamme vinnig te versprei. Veldbrande kan tot so vinnig as 23 km/uur beweeg, wat dit moeilik maak om te beheer en te blus. Sommige veldbrande kan vir weke aanmekeer brand as mense dit nie onder beheer kry nie en sal aanhou brand tot een van die drie vereistes nie meer beskikbaar is nie.

Vier uit elke vyf veldbrande word deur mense gestig, daarom is veldbrandbewustheid baie belangrik.

Van die grootste risiko's vir brande wat nie genoeg beklemtoon kan word nie, is kragdrade, asook brande by munisipale vullisstortingsterreine. Daar moet gereeld brande geblus word wat ontstaan weens kragdrade wat teen mekaar vas waai weens sterk winde, of bome wat breek en op kragdrade beland en aan die brand raak, wat weer die veld aan die brand steek. Boere moet enige moontlike probleme met kragdrade betyds aanmeld en enige bome wat rondom kragdrade voorkom, verwyder.

Boere moet ook instandhoudingswerk wat in die veld moet plaasvind en waarvoor elektriese toestelle gebruik moet word – wat moontlik vonke kan veroorsaak wat brande kan laat ontstaan – nie op winderige dae aanpak nie. Dit is ook belangrik dat 'n area waar 'n brand voorgekom het vir 12 ure daarna steeds gemonitor moet word, want boomstompe kan nog lank smeul en weer vlam vat, sou winderige toestande weer voorkom.

In Suider-Afrika, waar groot dele van die land uit boerderygebiede bestaan en droogtes dikwels vir baie jare duur en ernstige afmetings aanneem, word groot skade gelyk as gevolg van veldbrande. Honderdduisende hektaar weiding word verbrand, groot getalle vee brand dood en landbouthoerusting en oeste word vernietig. Hierdie grootskaalse brande word glo meestal deur nalatigheid veroorsaak en plaas veral die boerderygemeenskappe en brandbestrydingsdienste onder groot druk.

Baie van Namibië se boere sal 2012 as die jaar van die veldbrande onthou. Sowat 3,7 miljoen hektaar se weiding en plantegroei is verwoes. Die jaar daarna het die eerste van vier jaar se droogtes aangebreek. Herhaalde onbeheerste brande kan, behalwe vir die bedreiging wat dit vir mens en dier inhou, ook die produksievermoë van grond benadeel, veral as dit gepaard gaan met droogtes. Verder vernietig brande ook biodiversiteit en het 'n invloed op toerisme, 'n groot bron van inkomste vir Namibië. Die insameling en verkoop van dekgras is 'n belangrike

bron van inkomste vir baie mense in die noordooste. Veld- en bosbrande kan hierdie nywerheid potensieel 'n groot knou toedien.

Daar moet gewaak word teen 'n brandbestuursmodel wat net op die voorkoming en uitwissing van veldbrande fokus, want dit steun te sterk op duur, tegnologiese oplossings. Te dikwels word tot die gevolgtrekking gekom dat die hoofprobleem met brande die gebrekkige vermoë is om dit te blus. Dit lei daartoe dat die potensiele mobilisering van gemeenskappe vir verantwoordelike brandbestuur misgekyk word.

Namibië het nou 'n geïntegreerde verldbrandbestuursmodel ontwikkel wat die plattelandse bevolking by brandvoorkoming en -bestuur betrek. Dit steun sterk op intensiewe bewusmakingsveldtogte, kapasiteitsbou op gemeenskapsvlak en opleiding in brandbeheervaardighede.

(Verwerk uit *Wikipedia en Die Republikein*)

8 Gebruik die inligting in leesstuk 1 **en** 2 om die volgende opdrag uit te voer.

Skryf 'n opsomming in paragraafvorm van nie meer as **250** woorde nie waarin jy die belangrikste negatiewe sowel as positiewe gevolge van bos- en veldbrande saamvat.
[20]

9 Skryf 'n artikel vir julle skoolkoerant oor die noodsaaklikheid van veldbrandbewustheid.

Jy moet van die inligting in beide leesstukke gebruik maak, maar ook jou eie mening oor die kwessie gee. Die lengte van die artikel moet ongeveer **250** woorde wees.
[20]

[TOTAAL: 70]